


# HABARI



Longonot vanaf Naivashameer

[gegrond op 'n skildery van J F Adams 1959]


Nuusbrief van die Oos-Afrikavriendekring

Oct. 1992

25

Okt. 1992

Newsletter of the Friends of East Africa



## EDITORIAL

**ONCE AGAIN WE GATHER ON THE 3RD OF OCTOBER, AT THE FOUNTAINS IN PRETORIA! ONS KOM WEER OP 3 OKTOBER BY DIE FONTEINE IN PRETORIA BYEEN!**

A big thanks to everyone who helped to sponsor this year's Habari. We received many donations, from people who attended the Fountains meeting and from people who read the Habari and reacted to the editorial.

Waar ons voorheen moes meet en pas om die Habari se onkoste te dek, het ons vanjaar geen kommer daaroor nie. Ook het baie lesers laat weet dat hulle hou van die nuwe manier waarop die stof aangebied word.

These days we are fortunate to have things like computer programmes to help us in almost everything we do. We are also fortunate to have computer boffins (and owners!) like Danie Steyn and Alex Boshoff to heighten the quality of the Habari.

Skryf gerus as u enigiets op die hart het. Moet u asseblief nie daaroor bekommer as u wonder oor spelling en leestekens nie. Ons is maar net te bly om briewe te ontvang en ons sal redigeer wat geredigeer moet word.

Please write! We would like to be able to print an equal amount of English and Afrikaans material. Here are the names and addresses of the Committee of the Friends of East Africa:

Chairperson: Alex Boshoff, Box 40546  
ARCADIA 0007 (012.8083664)

Vice Chairperson: Danie Steyn, Private Bag X422  
SETTLERS 0430 (015332-621-H/-811-W)

Editor Habari: Eddie de Waal, 628 Keerom Str  
HERCULES 0082 (012.772604/3792604)

Ds Piet Grobler, Kalkoenstraat 38,  
MONUMENTPARK X2 0181 (012.455457)

Prof Pieter Nel, Posbus 11454 BROOKLYN  
0011 (012.3454484)

Mrs Emma Stow, 14 Belrene Street  
RIETONDALE 0084 (012.704784)

---

## OUERS GESOEK

Maryna Schoeman, aangeneem in Nairobi deur Gerten Lettie Korf, soek dringend haar biologiese ouers. Haar oorspronklike name was blykbaar Margaret Jill, en sy's gebore op 2 of 4 Mei 1951. Die vanne White en Thomas is aan haar genoem as moontlike vanne van haar ouers. Sy is in 'n kinderskool in Nairobi geplaas voor aanname. Sy verlang ontsettend na haar eie mense, dus as enigeen iets van hulle weet, kan hulle haar kontak by 015333-796, of skryf aan haar by Posbus 206, Radium, 0483.

---

# ONS SILWER-SAAMTREK

## 'N TERUGBLIK OOR 25 JAAR

Vanjaar se saamtrek, op 3 Oktober, sal 'n geskiedkundige fees wees. Dit is die 25ste jaarlikse saamtrek wat formeel deur die Oos-Afrika Vriendekomitee gereël word.

Die Groot Trek van Oos-Afrika het sy hoogtepunt reeds 30 jaargelede bereik. Die nuwe 'immigrante' na Suid-Afrika kon hulle trauma en emosies slegs op 'n romantiese of politieke vlak met hulle nuwe landgenote deel. Hulle diep verlange na 'n lewenswyse wat oor geslagte heen hulle 'kultuur' geword het en die aanpassings wat hulle in hulle nuwe vaderland moes maak, kon die trekkers slegs met mekaar bespreek; ander mense het nie 'verstaan' nie.

Hierdie behoefte om hulle lief en leed met mekaar te deel, het gelei tot die eerste informele boeresport-saamtrekke wat reeds vroeg in die 1960's by die fonteine plaasgevind het. Weens die gewildheid van hierdie saamtrekke is die Oos-Afrika Komitee onder leiding van mnr Andries Louw, oud-hoof van die Van Riebeeckskool in Thompson's Valle, gestig in 1966, en vanaf 1967 is die saamtrekke jaarliks gehou. Oom Andries, soos almal hom onthou, was ook die eerste voorsitter.

Weens die verspreiding van Oos-Afrikaners deur die hele RSA het ander vergaderings ook op 'n gereelde grondslag plaasgevind. Voorbeelde is die Rafiki Klub wat lank sy hoofkwartier by Bapsfontein gehad het, en die Tanganyika-saamtrek wat nog jaarliks naby die Roodeplaatdam plaasvind.

Die 'internasionale' karakter van die Fonteine-saamtrek word egter weerspieël in die keuse van die Oos-Afrika Komitee se voorsitters. Die eerste voorsitter, oom Andries Louw, het die Thompson's Vallegebied verteenwoordig. Die tweede voorsitter, dr. Hennie Pieterse alombekend as 'Meester', is sinoniem met onderwys in Tanganyika. Hy het ook die rekord vir diensjare as voorsitter. Die huidige Voorsitter, Alex Boshoff, wat reeds 25 jaar op die komitee dien, kom van Eldoret in die Uasin Gishugebied.

Dit sou ook moontlik wees om 'n tema te identifiseer vir die dienstrydperk van elk van die vorige voorsitters. Die eerste komitee, onder voorsitterskap van Oom Andries Louw, het dit sy taak gemaak om geskiedkundige artikels wat die trekkers van Oos-Afrika saamgebring het op te spoor en vir die nageslag te bewaar. 'Meester' Pieterse [self die skrywer van verskeie boeke oor Oos-Afrika] en sy komitee het hulle beywer om die geskiedenis van O-A te bewaar deur mense aan te moedig om interessante verhale en gegewens op skrif te stel. In hierdie tydperk het die nuusbrieff aansienlik uitgebrei en sy naam 'HABARI' gekry. Daar is ook besluit om 'n video oor O-A te maak.

Die toekoms sal wel bepaal wat die tema van die huidige komitee gaan wees. Kontak met Oos-Afrika is weer in die nuus, veral wat toerisme betref. Die tyd is daik ook ryp vir ex-Oos-Afrikaners om, met die ondervinding wat hulle deur Afrika opgedoen het, hulle bydrae te lewer in die verwerking/bestuur/bekamping [of wat ookal nodig mag wees] van die 'winde van verandering' in die RSA.

Alex Boshoff

## DANKIE

Die kassier, ds. Eddie de Waal, berig dat daar pragtige reaksie was op die versoek dat lesers van 'HABARI' wat nie die fonteine-byeenkoms kon bywoon nie op ontvangs van die nuusbrieff 'n bydra aan hom sou pos.

Dit het dit vir die Redakteurs [ds. Eddie de Waal en mnr. Danie Steyn] moontlik gemaak om die 1992 nuusbrieff, hopelik weer in 'n verbeterde formaat, aan u te besorg.

Indien u nie die byeenkoms op 3 Oktober kan bywoon nie, sal die Redaksie dit weer opreg waardeer as u op ontvangs van u nuusbrieff weer so 'n bydra aan die kassier sal stuur met die oog op die 1993 'HABARI'.

Ons hoop egter dat vanjaar se bywoningsyfer van die Fonteine-saamtrek 'n rekord sal wees.

## 2,000 MYL HUISBESOEK-SAFARI NA DIE KONGO

Om dertig huisgesinne in twee weke te besoek, is seker nie 'n rekord nie. Maar as sommige gesinne meer as 200 myl van mekaar woon, en die safari ons uit Kenia deur Uganda, oor die grense van Tanganjika en tot diep in die Kongo voer, word dit 'n perd van 'n ander kleur. Die DKW-motortjie het 'n ronde 2,000 myl geregistreer uit en tuis.

Saam met ouderling Johannes Barnard het ek een Dinsdagmore vroeg vertrek van Eldoret. Minder as 100 myl Noordwes van Eldoret gaan ons Uganda binne op die lieflike teerpad wat kort tevore voltooi is. Die eerste stop is die stadjie Jinja, aan die oewer van die Victoriameer. Presies honderd jaar tevore (1859) is die derde grootste varswater meer in die wêreld ontdek deur John Speke. By die Ripon valle vloei die water wat die Nyl voed uit die meer teen 'n tempo van gemiddeld 620 ton per sekonde. Hier het Winston Churchill in 1908 'n profetiese woord gespreek: "It is possible that nowhere else in the world could so enormous a mass of water be held up by so little masonry". In 1954 is die Owen Falls dam en hidro-elektriese skema hier voltooi. By Jinja is die kopersmeltery van die Kilembe myne geleë, waar 'n aantal Suid Afrikaners werk. Die myne self lê teen die hange van die Maanberge, op die grens van die Kongo. Na besoek by 'n paar lidmate reis ons verder na Kampala. Hier woon 'n halfdosyn gesinne van ons Kerk, Afrikaners en Hollanders. Aan huis van die familie Ficq word die middag 'n diens gehou en twee kindertjies gedoop. Kampala is 'n stad met 40,000 inwoners, soos Rome van ouds gebou op sewe heuwels. Op elke heuwel is die een of ander besondere gebou: die parlamentsgeboue, die Makerereuniversiteit, die paleis van die Kabaka, die Roomse en Anglikaanse katedrale, die grafte van die konings.

Uganda is uit en uit 'n swart land. Uit 'n bevolking van byna 6 miljoen is slegs 8,000 blankes, meesal sendelinge, regeringsamptenare en mynwerkers. Entebbe lê twintig myl verder aan die oewer van die meer, op die ewenaar. Hier gaan ons tuis by

twee ou universiteitsmaats: dr en mev Adam de Swardt. Ons gasheer is verbonde aan die Geologiese Opname van Uganda en het hierheen verhuis na 10 jaar in Nigerië.


Gewapen met landkaarte word die reis voortgesit in 'n suidwestelike rigting. Die mikpunt is twee families verbonde aan 'n waterboorprogram, en 'n groepie lidmate op die Kikagati tinmyne oorkant die Kagere rivier in Tanganjika. Dit is moeilik om in woorde uit te druk wat 'n besoek van 'n leraar en ouderling vir hierdie afeleë huisgesinne beteken.

By Kabale draai ons Noordwaarts oor bergagtige terrein na die Kilembe myne. Onderweg oornag ons by die Mweya Lodge op die Edward meer in die Elizabethpark. Die uitsig vanaf die ruskamp oor die meer na die Ruwenzori berge is onoortreflik. 'n Wildbewaarder is juis besig om die seekoeie in die omgewing van die "lodge" uit te dun.

Daar is meer as 14,000 seekoeie in die gebied. Die gras word so deur hulle afgewei dat daar nie genoeg weiding is vir die talryke olifante, buffels en ander wild nie. Vroeg Saterdagmore vertrek ons saam met die wildbewaarder per motorboot op 'n seekoeijag. Op die terugreis word die drywende kolosse wat die vorige aand geskiet is op sleeptou geneem om verwerk te word. 'n Seekoeikarkas word vir 150/- (R15) verkoop. Dit maak uitstekende seep, sambokke, kos vir mense, varke en hoenders.

Die Kilembemyne se groot koperneerslae is aan die einde van die vorige eeu ontdek deur die bekende Italiaanse reisiger die hertog van Abruzzi. Soryk is die neerslae dat die bergstrome van die Ruwenzori wat daardeur vloei grasgroen is, en die erts uit sekere plekke kan sonder verwerking na die smeltery op Jinja gaan.

Op die Kilembemyne is tien Afrikaanse huisgesinne. Hierdie gemeenskappie is onlangs diep geskok deur twee skielike sterfgevälle in hul geledere. Saterdagmiddag en aand kon ons besoek aflê by elke familie en Sondag is almal by die twee dienste wat in die skoolgebou gehou word. Ons hele voorraad geestelike boeke en Bybels word




## VAKANSIEOORD OP DIE TANADELTA

Reynaldo Retief, ook bekend as 'Bwana Mango' het 'n pragtige vakansieoord op die monding van die Tanarivier gestig. So berig Hanneljie Claassen, dogter van Craig Thom wat naby Manjarambe geboer het; sy bly nog steeds in kontak met die Retiefs in Malindi.

Die vakansieoord is geleë in 'n ongerepte natuurgebied wat slegs met Reynaldo se 'dhow', die 'African Queen', bereik kan word. Daar is onbeperkte geleenthede vir diepseehengel asook fotografie van voël- en dierelewe.

Enigeen wat daarin belangstel om lekker vakansie te hou, en om 'n gedeelte van Kenia te sien wat relatief onbereikbaar was selfs in die goeie ou dae, kan in verbinding tree met Hanneljie by telnr. (012) 549-2087.



gou verkoop en uitgedeel. Hierdie lidmate betuig ook waardering vir die gereelde kerklike besoeke, asook vir die Voorligter wat direk uit die Unie gestuur word.

Maandagmore neem ons afskeid van ons gashere, mnr en mev Martin Hefer en hul dogter. Ons vat koers na die Kongo grens.

By die Belgiese doeane word ons herinner om ons horlosies 'n uur terug te stel en om regs in die pad te ry. Vroeg die middag arriveer ons by die eerste huisgesin op Butembo. Die Afrikaners wat kerklik vanuit Eldoret bedien word, woon op vier plekke in die noordoostelike bergagtige grensstreek. Die mees suidelike groep is vier huisgesinne naby Lubero. Hulle is suiwelboere met volbloedkuddes

Jerseys en Friese. In die Kongo word blanke nedersettings nie aangemoedig nie, sodat dit bykans onmoontlik is selfs vir ou inwoners om meer as 100 morg te bekom, veral in die vrugbare Kivu provinsie. Die onderwys is in Roomse hande sodat die meeste Afrikaanse kinders na skole by Amerikaanse Protestantse sendigstasies gestuur word. Op Butembo is ons verbaas oor die veeltaligheid van die twee Van Daele kinders. Hoewel maar 8 en 10 jaar, praat hulle vyf tale heeltemal vlot: Afrikaans, Engels en Frans. Vlaams en Swahili.

Ons reis nou noord van Lubero en Butembe na die derde sentrum, Bunia. Die pad voer ons deur die magtige Ituriwoud, die woonplek van die pigmees. Spoedig sien ons 'n groep van hulle langs die pad.

Ons het kwalik stilgehou en ons kameras uitgehaal, of hulle staan al netjies op 'n ry, reg om afgeneem te word. Dan hou hulle hulle hande reg vir die "bakshishi". Ons Belgiese een- en twee-Frankmunststukkies het vir hulle weinig waarde en hulle smee ons, in goeie Swahili, om op die terugreis vir hulle sout en tabak saam te bring.

Bunia is 'n florerende dorp, dog ons mense wat hier woon, deel nie in die welvaart nie. Die gemeenskappie wat 'n klompie jare gelede nog talryk was, bestaan tans uit slegs agt eenlopende volwasse persone. Die dankbaarheid waarmee hulle ons besoek ontvang, is aandoenlik. Bekende Psalms en Gesange word gesing en daar word geluister na die boodskap van liefde en hoop in Jesus Christus. Wonderlik hoe lewend bekende woorde andersom omstandighede kan klink: "Op berge en in dale... Roem Christen heel my lewe..." Uit die gebrek van meer as een word 'n dankoffer gegee aan Hom wat oneindig goed is. Ons gasheer hier, mnr Thys Coetzee, se familie het ons in 'n vorige gemeente in Noord-Natal geken.

Ongeveer 120 myl noord van Bunia woon ons laaste huisgesin, die Groblers van Mont Rona. Oom Nic, veteraan van genl. Smuts se Oos-Afrikaanse kampanje uit die Eerste Wêreldoorlog, woon hier met sy vrou en twee seuns. Hy is bekend as Monsieur le Capitaine en het 'n model beesboerdery en kaasmakery. Die Fromage Groblers is 'n gesogte lekkerny selfs tot in Leopoldville. Hierdie gasvrye huisgesin is die mees noordelike en sekerlik die mees afgeleë van ons gemeente en waarskynlik van ons hele Kerk.

Die pad huiswaarts voer deur die Murchison wildtuin en verby die waterval waar die magtige Nyl saamgepers word deur 'n skeur tien voet wyd. Meer as seshonderd myl lê nog voor, en kort-kort moet ons stuit voor 'n trop olifante wat oor die pad loop.

Was ons tog die moeite werd? Soveel tyd en kragte en onkoste? Die dankbare blik in die oë en die warm, ferm handdrukke verseker ons dat dit nie vrugtelos was nie.

ds. Joz Theron

## THE KILIMANJARO COUNTRY SCHOOL

Situated in the grass-plains West of Mount Kilimanjaro, which rises high into the blue skies of Northern Tanganyika, was the Kilimanjaro Country School. Some 50 children from surrounding farms received their first education there from Mr. Booth, an Australian. He was a kind and understanding teacher, who gave many of his pupils a purposeful direction in life.

The school was surrounded by open, windswept grassland, and herds of Zebra, Wildebeest and Thompsons Gazelle were to be seen grazing in the distance. Ostriches would pass by, leading their young flocks. By night the sounds of the wild were heard near and far: howling jackals, the eerie sound of hyenas and the mighty roar of lions, whilst disturbed zebra would bark in the distance. The multitude of stars shone above, and on moonlit nights the silver dome of Kibo would appear high above in the night sky.


Boys and girls were housed in their respective dormitories, and the matron would enforce strict rules. She will not be forgotten, because of the spoonful of bitter Quinine, she would administer to every pupil, leaving the mess-room in single file.

We children from the farming communities of Sanya, Engare Nairobi, Engare Nanyuki and further afield to Moshi and Arusha, were used to the wild open spaces, and every opportunity was used to explore the surroundings. We would climb onto the ancient Albion truck that drove to the Geraragua River, to fill the school water tank. Stately yellowwood trees (*Podocarpus*) shaded the river bank on which stood the fortress-like building of an early German settler, Mr Domke, who still had to defend his homestead in the year 1908 against marauding Masai warriors.

We took off on excursions into the forests of Kilimanjaro along the Rongai River, the waters of which ended in salt pans at Tinga-Tinga. The

Davidsons lived there. Their daughter Fiona was a pupil at the school with her brother Jock. She was later to marry Prince Ernst von Isenburg.

We crawled into dens, dug by "aardvarks" (who knows the English name?). These are usually occupied by warthogs, porcupines and snakes. In one of the larger holes we discovered a bag of postal items hidden away by the Indian operator of the Post Office. In 1962 I revisited the Rongai region. Driving from the so called "Dutch Corner" I kept a sharp lookout for my former school building. It had disappeared and only after a thorough search did I find the site indicated by a few slabs of concrete in an otherwise bare landscape.



Mount Kilimanjaro

Our lecture-room was an open structure under corrugated iron. During classes my gaze would

wander off into the distance where a green patch was to be seen upon the yellow plains; the coffee-plantation at Ngare Nairobi, surrounded by conical hilltops. Fading into the blueish haze in the background stood Longido and Erok, sentinels along the Kenya border. During the hot hours the turbulence of the air produced images of constant movement across the landscape and I would get lost longing for the homestead until I was rudely recalled to the present by the teacher, calling my attention to the lesson.

When the weekend arrived, I set off on foot for home, 10km away. The heat of the day lay heavily on the land and I hurried along on a winding footpath, which would take me through a group of acacias. If the wind blew, a beautiful sound of flutes would drift through the air. The outgrowths on the twigs of these Acacias (who knows their Latin name?) were pierced by ants, and the wind blowing through the openings would produce many different tunes. Eventually I reached the welcome shade of the plantation and arriving home, would be greeted by my mother with a glass of Lemon-juice to quench my raging thirst. How good it was to be home.....

Herman Landgrebe

## 'N DIGTER ONTHOU DIE OU DAE

Ek is Oom Piet en Tant Joey Blanché se oudste dogter - Suzette. Toe ek klein was, het ons in Kitale gewoon en later in Eldoret. Ek en Maryna (Korff) is baie groot maats, nog van Kenia se dae af.

Ek was my eeste twee jaar in Jan van Riebeeckskool in Thomsons Falls en toe later in The Hill School op Eldoret.

In Mei 1961 het ons na Suid Afrika gekom.

My pa is op 29 Julie 1990 oorlede en my ma bly nou net buite Brits by my broer, Johan, en Colette. Hy werk in Pretoria. (Hy het saam met Maria by

Iskor gewerk totdat hulle "pakkette" gekry het). Johan is tekenaar. Dan het ek 'n hele paar susters - Rina is getroud met Philip Sharp. Sy het haar B Ed graad en werk op deeltydse basis vir Technisa. Sy skryf vir hulle lesings, redigeer en vertaal ook. Yvonne, 'n verpleegster, is getroud met Hannes Fourie en hulle bly nou in Eshowe, Natal. Haar man is n boer.

Petro is getroud met Braam Oberholster en hy is nou lektor by Helderberg Kollege - Somerset-Wes. Hulle was vir ses jaar in Malawi waar haar man eers by die hospitaal vir melaatses gewerk het en toe later na 'n algemene hospitaal by Malamula was.


Marthie werk voltyds vir Technisa. Sy is nou besig met haar MA in Afrikaans deur Stellenbosch.

Dan is daar Rhoda, ons jongste suster. Sy het 'n onderwysdiploma maar het besluit om haar opleiding as masseuse in die VSA te ondergaan. Sy is getroud met Jantjie Faul en woon op Heidelberg.

Ek is die oudste en hou op die oomblik skool by Laerskool Brentwoodpark, Benoni. Ek is tans besig met B Ed (Psigologie) by RAU. Ek is getroud met Dicky Diedericks - hy werk by SAL en ons het vier seuns.

Ek het so 'n ietsie geskryf oor wat ek nog kan onthou van Kenia in die volgende gediggie:

Suzette (Blanché)  
Diedericks



## 'N TERUGBLIK

Ek, Pa en Ma, vier sussies en 'n broer  
Het in my kleintyd buite Eldoret geboer  
Alles was goed en wel  
Tot my skooltyd teen my tel

Die skool was Engels op Eldoret -  
En vir 'n Afrikaner-kind geen pret:  
Thomsons Falls was enigste uitweg  
En dit was sommer baie sleg.

Die koshuis was 'n hartseer plek  
reëls en wette hou jou op jou plek  
Tant Anna Beyers is almal se Ma-  
Hasie Fouché vleg my hare wat pla!

Marie, Winnie en Rina de Wet  
As prefekte versteur ons pret.  
Susanna, Wilhelmina en Petro van Blerk  
Loop saam in wit rokke na die kerk.

Vriende wat gaaf is en heerlijk terg

Is Erna en Francois von Landsberg  
Ons kuier heerlijk op hulle plaas  
En ook Abie en Dirkie - die bure se plaas.

Oom Jan en tannie Sarah Blanché  
Wat ons oor naweke 'n huis moet gee -  
En hulle daar oor ons ontferm  
Want ons huis is vér, en ons kerm.

'n Hoogtepunt was Vrydae saans  
Op oom Gert en tant Lettie Korff se plaas  
Die vrouens bring toebroodjies en sop  
Want 'n "Cowboy-fliëk" word êrens uitgeskop.

Die Blanché neefs - Willie, Ron, John en Piet  
Is ons helde - want hulle kan skiet!  
En ons kleintjies kyk verwonderd toe.  
Want om groot te wees is wonderlik - Sjoel!

Die onrus begin in Kenia broei -  
Die mense die pak, die land kan nie meer boei!  
Pa en oom Tom Taljaard neem 'n besluit  
Om geld te kry om die Unie te bereik.

Die besluit word geneem, die lorrie word gelaai  
Want nou gaan krokodille waai.  
Die paadjie die berg af is geen grap -  
Pa moet kort-kort brieke trap!

Eindelik kan ons langs die meer kampeer  
Die krokodille word daagliks meer  
Ons kan nie voorbly om velle in te sout  
Want nou maak ons geld, van jonk tot oud.

Net voor ons na die Unie verhuis  
Gaan ons by tannie "Grichardt" tuis  
Dis 'n heel nuwe ervaring

Bedags moet ons by die "Hill School" deurbring.

Dis Engels van vroeg tot laat -  
Bewaar een wat Afrikaans durf praat  
Mr Brindley in sy kantoor  
Het 'n "tacky" waarmee hy toor.

Bedags kom kuier Tant Kinnie de Jager  
Met haar kiere wil sy elke kind verja!  
En wat van Aunty Mary en haar man, oom  
Chris  
Of - Bwana Footy Saba - dis gewis.

Hier in S.A. spat ieder na elke streek  
Die vriendskapsbande word verbreek.  
En nou hoor 'n mens selde, soms een maal per  
jaar -  
Die nusies wat min is, en raar.  
Baie liefde aan al die ander wat ek ook nog  
onthou!

Suzette

## Kenia se Loch Ness Monster

### DIE NANDIBEER

Wat hier volg is aan my vertel deur die ou mense van die tydperk voor die laaste oorlog:

Vanaf oom Jimmy Davis se plaas aan die Nandi Border tot by oom Eddie de Waal se plaas aan die rand van die bos waar die son opgekom het, en waarvandaan die sogenaamde "Verdomde de Waal buie" met oestyd gekom het, en van bo uit die Verbrandebos waar Adam van Rensburg hulle was tot op die vlaktes veronderkant oom Koos Engelbrecht se plaas in Patattadraai, was die Nandi Beer se gebied.

Die Nandi en Elgeyo stamme het daar vlugtig van tyd tot tyd ontmoet om mekaar te probeer uitroei. Hulle heilige vrees vir die Nandi Beer was te groot, en dis eers nadat die niksvermoedende boere daar ingetrek het dat hierdie swartes ook die gebied kom bewoon het. Die ding het net gedurende pik donker nagte uitgekom. Baie van ons mense sal nog onthou hoe verskriklik donker dit daar was sonder maanskyn. Jy kon slegs op 'n manier voel maar niks sien nie.

Die manne van daardie dae was geen lamsakke nie, hulle was braaf, en hulle wou meer van die bleddie ding te wete kom. Dog al daardie jare van transport ry en slaap in die veld of, nagtelike wildstelery, het geen enkele Nandi Beer opgelewer nie, dood of lewend. Niemand het eers sy spore gesien nie want hy het weggebly van bewerkte grond of stofpaaie. As sy oë in die donker gevang was in die straal van die carbide lamp dan was daar so 'n geweldige weerkaatsing dat die hanteerder van die lamp geheel en al verblind was vir 'n geruime tyd en selfs 'n skeelheid oorgehou het. As gevolg hiervan was dit baie moeilik om van die mense van daardie tyd 'n beskrywing van die Nandi Beer te kry.

Die manne wat hom in die donkerte konfronteer het, het met die verskriklikste ontbering daarvan afgekom. Skiet, kon hy nie geskiet word nie; die koeëls het eenvoudig afgeskram. Steek jy jou vingers in sy oë dan knip hy so geweldig dat jou vingers daar uitkom asof hulle in 'n vleismeule was. Poog jy om hom te versmoor deur 'n ding in sy snoet in te stamp dan word hy so die moer in dat hy vuurwarm lug oor jou blaas wat jou borshare en baard laat skroei sodat jou eie vrou jou nie herken nie (of jou in elk geval nie glo nie omdat dit lyk asof jy gestruikel het en in die kampvuur beland het). Van die transport manne het glo dun boortjies aangeskaf om voggies uit die vaatjies wat hulle karwy het, te tap en dan was dit maklik om 'n bietjie "invisible mending" aan die vaatjie te doen. Te perd kon jy nie naby kom nie, want sy reuk het die perd op 'n afstand al laat vassteek en bot stil laat staan soos 'n politikus wat nie van 'n beleid wil afsien nie.

Toe ek na die oorlog terug kom op die Plateau was daar geen verdere sprake van die Nandi Beer nie en het Anna en ek heeltemal vergeet om ons kinders daarmee bang te maak. Weet iemand miskien wat van hom geword het? Ongelukkig het daar nooit enige skyfies of kiekies van hom bestaan nie want hierdie sage het afgespeel voordat ons dominees daar opgedaag het met hulle flash cameras.

Terloops, Elspeth Huxley het ook die Nandi Beer in haar geskrifte vermeld. Volgens haar het iemand glo eendag 'n handvol hare van die monster uitgetrek, maar ek weet nie of mens dit kan glo nie; ek glo net wat die boere aan my vertel het; hulle het immers voor die voet in ons kerkrade gedien.

Gert Barnard.

**Ria McCulloch, dogter van Wolfie Wolmarans,  
besoek Kenia weer**

## 'N DROOM OF WERKLIKHEID

Nou is ons op die laaste skof huistoe - ELDORET TOE. Wat gaan ons vandag ervaar? Hoe lyk die plaas, die dorp, die kerkhof, die kerk, die winkels - ag sommer alles!

Timboroa is mooi - mooier as wat ons verwag het. Verlede jaar se goue koringstoppels staan nog op die lande. Die mense het nog nie geploeg nie. Die lande het ook nie veel verander nie want die groot ou doringbome staan nog soos dertig jaar gelede in die lande. Hier is nog groot plase wat intensief bewerk word asook verskeie melkerye.

Op Timboroa moet ons stilhou want ek wil darem weer met my een voet Suid en die ander voet Noord van die ewenaar staan! Dit is koud! Vanaand op Eldoret wil ek ook kyk hoe die water uit die bad uitloop. Op Nairobi was dit soos in die Transvaal - antikloksgewys. Op Nakuru kon die bad besluit maar die water in die wasbak het heel verward voorgekom. Op Eldoret behoort dit kloksgewys uit te loop indien die wetenskaplikes korrek is. Sal maar sien.

Sewes verseker my dat Ainabkoi stasie nou net om die draai is en sowaar net 'n paar draaie verder is die ou stasietjie nog net soos destyds. Oom Adam van Rensburg hulle se werkswinkels staan nog. Nou gaan ons darem werklik 'n bekende wêreld betree. Eerste stop, oom Adam en tannie Driena van Rensburg se huis.

En toe..... Hier draai die paadjie na links uit. Grasbegroei soos Kikuyugras in hierdie deel kan groei. Ons hou stil voor die konsertinahek en Sewes stap nader. Ek wag en wonder.... Hy kom terug en die uitdrukking op sy gesig spreek boekdele.

Ek stap ook nader en herken skaars die plek. Die bome is groot maar van die pragtige tuin is niks oor nie. Die huis is ook net mure en 'n dak... Die

eienares kom uit en sy is net so trots op hierdie huis van haar as wat tannie Driena ooit kon wees. Ons moet net fotos neem. Sy nooi my in en ook na die kombuis se kant, maar ek maak verskoning en met 'n hartseer beklemming gaan ons terug kar toe...

Ek het al tuis besluit ek gaan enige ou man of vrou wat ek langs die pad kry uitvra. Hier duik die eerste geleentheid op.

Ons stop en in gebroke Swahili vra ek hom of hy al lank in hierdie deel woon. Toe hy instemmend antwoord vra ek of hy die familie onthou. Ek sal nooit die uitdrukking in daardie oë vergeet nie. Hy begin uitvra: oom Adam, tannie Driena, Dorothea, Lena en Elsa, oom Hennie en tannie Ria en Gerhard, oom Willem hulle asook die Boshoffs. Hy gesels te lekker en stuur aan oom Adam die boodskap, "Ek pas Hennie se huis vir hom op". Hy praat in die video en nou word hierdie opname darem al hoe meer kosbaar.

Die omgewing is bekend en tog ook onbekend. As ons net kan onthou waar die mense gewoon het. Dan is ons in Eldoret maar aan die ou Highlands School se kant. Ons ken dan nie hierdie dorpie nie! Soveel uitbreiding het ons nie verwag nie. Dis fabriek, woonstelle, woonhuise en 'n menigte mense wat op pad is.

Ons bespreek plek vir die nag in die Sirikwa Hotel en gaan soek dan vir tannie Baby Woodley op. Sy is tog te bly om ons te sien en van die familie in die Suide te verneem.

Ons bring ook 'n vinnige besoek aan ons plaas net buite Eldoret. Hier loop die herinneringe ver paaie al het die huis in 1978 afgebrand. Die bakens is daar ... die windpomp, sementdam, spuitdip, bakoond en ja. nog dieselfde gemakshuisie. Ons word 'n koppie koffie

aangebied en ons geniet dit al is ons gasvrou Kalenjin en praat ons Engels en Swahili om die beurt!

Nou gaan ons terug Eldoret toe. Ons besoek die begraafplase en is baie aangenaam verras. Die ou begraafplaas is veral netjies - die boompies word nog gereeld rond gesnoei. Die gras is kort en daar is werklik nie soveel verwaarlosing as wat ons verwag het nie. In die nuwe begraafplaas kry ons bekender name. Ook hier is die grafte redelik netjies. Ons koop nuwe klippies en sit dit weer op die familiegrafte. Blomme is haas onbekombaar en verwelk in elk geval gou.

Die hoogtepunt van ons besoek is beslis die Sondagoggend toe ons 'n diens in die Presbyterian Church of East Africa gaan bywoon; dit was die ou Hervormde Kerk. Die terras is nog daar maar die tente ontbreek. Die saal wat nuut gebou is, is groter as die kerk. Op die terrein is twee woonhuise gebou. Die kerk is nuut geverf en binne is dit blinkskoon. Die gebou word deur vyf gemeentes gebruik.

Ons stap die gebou binne. Die atmosfeer is dieselfde - rustig en gewyd. Ek was laas in hierdie gebou met Pappa se begrafnis. Sewes stoot my vorentoe en sonder moeite vind ek die bank waar ons as kinders gesit het! Ek kyk op na die preekstoel en bokant die preekstoel in Swahili, "Ek en my huis - ons sal die Here dien." Vier blankes en 'n kerk vol Keniane - almal Christene! "Holy, Holy, Holy" word gesing en hierdie mense sing werklik tot lof van die Allerhoogste. Die stemme harmoniseer natuurlik want daar is geen begeleiding nie. Die boodskap word in Engels gelewer want die ander vier gemeentes word in Swahili bedien. Ek stap 'n baie ryker mens uit daardie diens uit!

Ek besoek ook Ambram se winkel. Die gebou is dieselfde maar dit is nou 'n boekwinkel. Wat 'n verskeidenheid van leesstof en leermiddels word hier nie te koop aangebied nie? Die winkelleienaar het jare terug Eldoret Emporium besit. Hy vra uit na die mense wat nou in Suid Afrika woon. Die volgende keer toe ek instap word ek begroet met,

"Goeie môre. Hoe gaan dit vanmôre?" Toe gesels ons darem te heerlik oor die ou dae!

Ons besoek Patatadraai, Turbo, Kitale, en sien die kameelperde naby Soy stasie. Plateau lyk nog dieselfde en Oom Bokkie von Maltitz se graf lê nog langs die pad!. Ons maak 'n draai by die Feessaal en ontwikkel 'n hoofpyn soos ons probeer om te onthou wie waar gewoon het. Ons ry met 'n pragtige teerpad oor Tambach en Kabarnet na Lake Baringo. Sergoit Kop is weer eens 'n baken maar Elgon bly toe onder 'n wolkkombers.

Ons beleef, ons onthou, ons geniet elke oomblik want sal die geleentheid ooit weer daar wees? Met 'n swaar hart word daar afskeid geneem. Die oomblik vir terugdraai het aangebreek. Ons laat so 'n stukkie van die hart agter en neem 'n skatkis vol aangename herinneringe saam!

---

## IN MEMORIAM

### GEORG LANDGREBE

GEORG WILHELM PHILLIP LANDGREBE was born on 8 August 1913 in Arusha, son of Carl Wilhelm Landgrebe and Antonie, born Rodenacker who were married in Tanga on 13 March 1912. They owned a coffee-plantation at Lake Duluti near Arusha. Georg's father took part in the East African campaign under command of General Von Lettow-Vorbeck. He was a prisoner of War in Egypt and was discharged to Germany in 1919. His wife was also expelled with her 3 small children. The family was reunited in January 1921, and Georg met his father for the first time at the age of 7. "Are you my father?" he greeted the stranger courteously.

Georg received his education in Germany, and on return of the family to Tanganyika in 1925 from a home tutor. At the same time he became acquainted with work on the plantation: the planting of coffee and trees, and the training of oxen for pulling ploughs and waggons. The machinery of the coffee processing plant had to be installed and a motor lorry required attention. In 1931 George, now 18, went to work for Mr Jungblut who was

running an experimental rice scheme near Lake Victoria. He also worked on Lord Eggerton's estate where valuable furniture wood was processed in the estate's sawmill. Georg worked here until 1937.

In that year he was called up to perform military service in Germany. He was enlisted for 2 years but when it was time to return to Africa the war started and he was consequently involved in battles all over Europe. He experienced very hard fighting in Russia and was wounded three times.

In 1940 he married Käthe Frädrich in Kolberg, Pommerania. She had to flee with her 2 baby daughters from Kolberg by sea in 1945, when the Russians conquered Eastern Germany. She was reunited with her husband, who escaped from the Baltic Front. Their son Karl-Heinz was born in 1946, but Georg's wife Käthe died in 1955. He

then married Lucie, and with her came to join us in South Africa in 1969 as he saw no prospects in agriculture in Germany.

Georg will be well remembered by all who knew him... He passed away on 3 October 1991 after a long illness. His children were able to visit him in August. His last days saw him depressed with the thought of the death of his younger sister Carola through cancer which likewise had befallen him. The two are survived by our sister Brunhild, myself and his wife Lucie - to whom we extend condolences at the loss of her husband - as well as 3 children and 3 grandchildren.

His remains were buried in the grave of our beloved and unforgotten parents. May they rest in peace.

Hermann Landgrebe

## HERINNERINGE AAN KENIA

Dis met 'n gevoel van nostalgie dat ek name soos Frank Arnoldi, Sonny Cloete en Bonnie, sy suster, oom Piet en tant Poppie Jordaan, Bokkie von Maltitz, "Miss Keese" ens. gelees het in Oktober 1991 se "Habari".

Die afgelope tyd het ek so baie aan die mense in Kenia gedink, en gewonder wie nog van hulle in die lewe is en waar ek met hulle in aanraking kan kom.

In 1917, het my vader, Wessel Pienaar, my moeder en ons ses kinders, na Brits Oos-Afrika - nou Kenia - vertrek as gevolg van 'n dokter se aanbeveling dat ons na 'n ander streek moet verhuis om te sien of dit nie vir my moeder, wat baie sieklik was, sou goed doen nie.


In Mombasa aangekom moes my vader so 'n groot som geld deponeer, dat ons noustrop moes trek om 'n bestaan die eerste ruk te maak. Op Londiani aangekom was die enigste vervoer na Eldoret transportwaens.

Die wa waarmee ons moes reis, het geen tent gehad nie. Latte met 'n bokseil daaroor moes

doen, terwyl die bak van die wa met sakke sout met 'n seil daaroor, gelaai was. Ek dink die waens het aan 'n mnr. Arnoldi behoort maar is nie seker nie. Dit was maar beknop en ongerieflik met my siek moeder - wat nie gekla het nie. En dit het gereën!! Dag na dag. Die waens se wiele moes soms uitgegrawe word en die osse het tot diep in die modder getrap. Soms het ons uitgespan nie ver van waar ons die oggend ingespan het nie. Kos het naderhand begin min word want dit was nie voorsien dat ons so lank op pad sou wees nie. My vader het maar wild geskiet en so in die reën gesukkel om 'n vuurtjie aan die brand te kry. Ek sien nou nog in my verbeelding hoe hy met sy reënjas uitgestrek bo die vuurtjie vir ons rys en vleis in een pot gaar probeer kry het.

Eendag kom daar 'n mnr. Visagie van die "Verbrandebos" (Burnt Forest) met 'n ligte veerwaentjie verby op pad Londiani toe. Na 'n paar dae kom hy terug en vind ons byna nog op dieselfde plek.

So het ons maar aangesukkel tot ons een dag by die Verbrandebos uitgespan het. Nie lank nie of oom en tannie Visagie daag daar op met 'n oskar



The Norfolk Hotel, Nairobi

gelaai met vars growwe brood en botter en 'n geslagte skaap ens. Het ons lekker gesmul!

Hulle bied toe aan dat ons by hulle moet kom bly en hy sou help om vir my vader werk te kry.

Oom Danie Bornman het ons ook daar kom besoek.

My vader kry toe werk by mnr. Robinson. 'n skoonseun van mev. Cloete (Bonnie en Sonny se moeder) om te help met die bou van sy huis by Sergoitskop.

Ons is toe soontoe met 'n waentjie en osse. Al verblyfplek was 'n rondawel met 'n buitekombuis. Die gras was so hoog om die plek dat mens die osse amper nie kon sien nie en ons moes dit oopgekap om in die rondawel te kom.

My vader het gespook om die plek skoon en leefbaar te kry en 'n lêplekkie vir my moeder eerste ingerig. Maar wat 'n ondervinding die nag! Die weerluise het ons beetgepak en amper weggedra! Later het my vader 'n bouvallige huis daar naby reggemaak en was dit meer leefbaar en hier is my jongste broer gebore.

Hier het ons toe ook kennis gemaak met oom Piet, tant Poppie en tant Lena Jordaan wat net agter die kop gewoon het, en met oom Jim en tant Mynie Davies en hulle gesin. Ook met oom Eddie Jordaan en sy gesin. Ons het toe skoolgegaan en "Miss Keese" later mev. van Heerden was ons onderwyseres.

Later is my ouers en die vyf kleiner kinders weer Londiani toe terwyl my suster wat jonger as ek is en ek by oom Jim hulle agtergebly het vir skool. Ons twee is later deur Malaria platgetrek en was baie siek. Ek onthou nog hoe ons kouekoors in die skool gekry het en huistoe geneem moes word.

| NORFOLK HOTEL<br>NAIROBI                 |       |
|------------------------------------------|-------|
| This tariff cancels all others<br>TARIFF |       |
| Bed                                      | 7/-   |
| Bed and Breakfast                        | 10/-  |
| Dinner and Breakfast                     | 12/-  |
| Dinner, Bed and Breakfast                | 13/50 |
| Dinner                                   | 6/-   |
| Luncheon                                 | 3/50  |
| Luncheon, Dinner and Bed                 | 13/50 |

The Norfolk Hotel tariff list when  
Abraham Block took over in the  
1930's

My moeder het per poskar tot op Eldoret gekom om ons te kom haal. Sy het alles gedoen om ons beter te kry. Ek onthou nog hoe sy en ds. H. C. de Wet, wat destyds ook daar die Afrikaners bearbei het, ons twee op stoele laat sit het, met 'n pot kokende water onder elke stoel en 'n kombers bo-oor ons, om die koors te laat uitsweet. Kina en ander medisyne moes ook help. Toe ons sover herstel het dat ons vervoer kon word, het Jimmy, oom Jim se seun ons tot op Broederstroom by oom Bokkie von Maltitz geneem, waar hy ons met 'n ligte waentjie en vier osse en 'n drywer en touleier gehelp het. Die reis was baie vermoeiend vir my omdat ek weer sieker geword het, soveel so dat my moeder vir die ergste gevrees het. Sy was egter 'n wonderlike gelowige mens en het ons veilig tuis gekom.

Langs die pad moes sy snags waghou dat die vuur nie doodgaan nie en die lamp aan die brand hou sodat die leus nie die osse kon vang nie.

Later het ons op Kijabe gewoon waar my vader vir die "Kedong Trading Co." gewerk het. Ons het baie lekker hier gebly en my moeder het sonder mediese behandeling blakend gesond geword.

Maar ons kon nie hier skoolgaan nie en wou my vader vier van ons saam met ds. de Wet Suid-Afrika toe stuur vir skool. Eendag was hy Nairobi toe en toe hy terugkom sê hy vir my moeder, "Vrou maak reg; ons gaan almal Suid toe." So is ons terug Suid-Afrika toe.

Hier aangekom het hy sy plaas verkoop en al die huisraad ens. om weer terug te gaan Kenia toe, maar my moeder kon dit nie oor haar hart kry dat van ons kinders moes agterbly nie en so het hy maar altyd gehoop om terug te gaan as ons uit die skool is; maar toe die oudstes uit was, was die jongeres nog op skool en sodoende het daar niks van gekom nie.

Ek verstaan Sophia de Wet (Davies) is nog al oorlewende van die mense wat ek geken het. Ek sal dit so waardeer as sy miskien hierdie skrywe van my lees, en aan my sal skryf. Ook enige ander

persoon wat daartoe geneë voel. Dit sal so aangenaam wees om oor die ou dae te gesels. Ons weet nie hoeveel tyd daar nog vir ons gegun is nie want ek trek ook al by die 86.

S. C. Labuschagne

## IN MEMORIAM

### PRINCE VON ISENBURG

ERNST, PRINCE VON ISENBURG passed away on 17 December 1991, aged 85. He is survived by his wife Fiona, Princess of Isenburg, a daughter, 4 sons and 10 grandchildren. Also two sisters, Margarete and Marie, Princesses of Isenburg have survived their younger brother.

Ernst, Prince von Isenburg was born on 26 December 1906. He arrived in Tanganyika in 1931 and spent some time on my father's plantation getting acquainted with farm work. He also built a house, traded in leather trousers he produced himself and started a transport and safari business. After settling in Rongai he married Fiona Davidson.

In 1939 Prince von Isenburg was interned with other German settlers, but was later placed with his family into voluntary confinement under police observation.

After the war he went to Kenya. In 1952 he travelled to Europe to settle his financial affairs. On his return via Switzerland I accompanied him to Naples, where he boarded a ship for Mombasa. He started a pawpaw plantation in the Eastern Congo, but when that state erupted in civil war, Prince von Isenburg returned to his home town Langenselbold, where he lived in his ancestral home.

We have always kept close contact with Prince von Isenburg, whom we remember as a spirited and inventive personality. Despite many setbacks in life, partly caused by the political upheavals in Europe and Africa, he always had a cheerful outlook and was never at a loss to overcome the unforeseen.

Our sympathy, and that of his friends, is conveyed to his family.

Hermann Landgrebe


## Return to sender Geen adres gelaat nie

[Danie Steyn sal dit waardeer as enigiemand met inligting oor die volgende persone, of hulle korrekte adresse hom sal kontak]

Mnr & Mev Piet Blanché, Posbus 85, Sonop 0258  
 Mev M W Buitendag, Von Geasaurylaan 2, Heildelberg 2400  
 Mnr W J J Botes, Posbus 818, Groblersdal 0470  
 Mev H Cronje, P O Box 268, Koster 2825  
 Mnr & Mev A P de Jager, Posbus 6, Jameson Park, Nigel 1492  
 Mnr & Mev J J de Kok, P O Box 47, Marble Hall 0450  
 Mnr & Mev G Dry, Plot 25, Grasmere 1828  
 Mev M du Plessis, Ouetehuis, Posbus 112, Middelburg 1050  
 D P (Dirk) Enslin, St Michael's on Sea, Suidkus 4265  
 Jan & Elmarie Fourie, Posbus 6348, Tasbetpark 1040  
 Jan Fourie, Brownstr 58, Nelspruit 1200  
 Mev C M Jacobs Woonstel 407, Schoemanstr 410, Pretoria 0083  
 Mnr & Mev George Joubert, PK Groenvlei, Sentrum 0385  
 Mnr P C Joubert, Magaliesoord, Privaatsak 504, Cullinan 1000  
 Mnr H Kruger, Windemererylaan 78, Farrarmere, Benoni 1501

Mnr Nan Kruger, Posbus 206, Pretoria 0001  
 Mnr H P Naude, Posbus 6, Jameson Park 1492  
 Philip & Elsie Nel, Posbus 590, Westonaria 1780  
 Mnr & Mev J Neweling, p/a Soetdoring w/s 43, Potgietersrus 0600  
 Mnr Andries Olivier, Posbus 911-461, Rosslyn 0200  
 B Parsons, 402c Overton w/s, de Boulevardstr 169, Silverton 0184  
 Izak Smit, Posbus 559, Sundra 2200  
 Mnr & Mev F M R Steyn, Posbus 452, Thabazimbi 0380  
 Mnr & Mev W Storm, Soetdoring w/s 43, Potgietersrus 0600  
 Mnr & Mev D Strauss, p/a Soetdoring w/s 43, Potgietersrus 0600  
 Mrs Maggie Taylor, 9 Francois Str, Potchefstroom 2520  
 M & E van der Merwe, Speystr 147, Sunnyside 0002  
 W A van Deventer, Posbus 99, Cleveland 2022  
 Willie & Tina van Deventer, Posbus 949, Ermelo 2350  
 Mnr J H van Hierbeek, 26ste Laan 521, Villieria, Pretoria 0186  
 Mnr & Mev A van Rooyen, Tzaneen 0850  
 Ds P van Rooyen, Emmettstraat 86, Vryheid 3100  
 Mnr C J (Neels) van Rooyen, Posbus 944, Tzaneen 0850  
 Sandra van Lill, Kruisweg 38, Brummeria 0184  
 Lood & Hendrina Visser, Posbus 19317, Pretoria Wes 0117

**Help deur ons te verwittig  
van 'n adresverandering.**



**Mount  
Meru  
Tanganyika**

## KENIA DAGBOEK

### Grepe uit aantekeninge gemaak deur ds. Piet Grobler tydens sy jongste besoek aan Kenia - 18-26 Julie 1992

**Plateau** - Arriveervia Ainabkoi by Bwana Loubser Mission (nou die Reformed Church of East Africa) en word deur Pastoor Festo Okonjene, wat deur 'Rev.' Eybers in 1944-1948 opgelei is, aan die 'Church Council' voorgestel. Mzee Okonjene praat nog met waardering van eerw. Eybers, Abraham Mouton, Fanie en Johannes Barnard, Schalk Steyn, Jimmy Davies en Adam van Rensburg. Die BLM het tot 'n groot gebouekompleks ontwikkel - skool, nuwe kerk, studentehuse, hospitaal en woonhuise vir die leraar en evangelis.

**Die Geloftefeessaal** - Die ou feessaal op Plateau is ontwikkel as 'n 'Bible Technical College' waar jongmense in die evangelie sowel as tegniese en landbouvaardighede opgelei word. Die boerdery hier is uitgebrei met grond wat oorspronklik aan Fanie Barnard behoort het en die koring is baie mooi.

Die 'Reformed Church of East Africa' het die kliniek op Ainabkoi uitgebrei met 'n sekondêre skool. Daar is in 1976 'n mooi kerk ingewy wat intussen taamlik verwaarloos het. Die huis van evangelis Jackton Siarira is langsaan, asook 'n woonstel vir verpleegsters. 'n Mooi diens word daar aan die gemeenskap gelewer en die mense is baie positief teenoor die Reformed Church. Eer aan Adam en Hennie van Rensburg wat jare gelede daardie sendingpos begin het. Ainabkoi het nou 'n dorp geword.

Ons het drie **Kaburu Plaashuise** gaan besoek. Dis verwaarloos. Moet liewers nie gaan kyk nie; 'n mens herken dit nie meer nie. Die bome het na 30 jaar groot geword. Ander bome is uitgeroei en paaie is toegegroeï. Die huis van Adam en Hendriena van Rensburg is gebrand in die sitkamer. Die blokkiesvloere is uit en mielies is in die

sitkamer gestoor. Gideon du Toit het amper 'n hen op haar nes vrek getrap. Vanaf Ainabkoi het ons via Hennie en Joey van Heerden se huis, wat nou 'n kliniek is en goed vertoon, na Plateau-Broederstroom gery. Die lankverlede koringlande het nou plotties/shambas geword, met koring, mielies, pyrethrum en 'n paar beeste.

**Sergoikop** is nog op sy plek met groen koringlande soos in die ou dae, en die Krugers se netjiese plaaswerf. Fanie en Carol woon op Christie Addison se plaas, terwyl Lenie saam met Tienie en sy seuntjie, Michael wat glad Afrikaans praat, nog in die ou plaashuis van Ernst bly. Die koorsbome, kapokbome en dennebome het die huis na 30 jaar verdwerg.

Nadat ons afgepak het neem Tienie ons na ons ou **Pastorie in Eldoret**. Dis donker en modderig toe ons daar aankom en die inwonende predikant, Abraham Chebiego, is nie daar nie. Die huis word deur twee gesinne bewoon, terwyl die ou biblioteek ook 'n gesin huisves, asook die garage en bediendekamer. In die tuin waar die piesangs was is nou 'n beeskraal met 'n koei. Dis alles anders maar die Here se werk gaan goed aan.

Op **Abraham Mouton** se ou plaas besoek ons die eerste bekeerling en dopeling van die RCEA (Reformed Church of East Africa). Dit is Joseph Sengerut. Die boere het hom 'Vingerhoed' genoem, maar sy Elgeyo stamnaam is Chebiego Chesere Sengerut. Mzee Joseph is in 1901 gebore (toe die spoorlyn tot in Kisumu voltooi is) en het vir Abraham Mouton gewerk. Hy onthou nog die rietdakkerk naby Plateau en ook Bwana Loubser wat self met hom oor Jesus gepraat het totdat hy tot bekering gekom het. Hy is op 17 Julie 1937 deur 'n besoekende leraar van Thompson's Falls op Plateau gedoop. Joseph is nou die eienaar van 100 akker van Abraham Mouton se oorspronklike plaas en het besluit om 'n gedeelte daarvan af te gee vir 'n kerkgebou. Mzee Joseph bid vir ons voordat ons gaan kyk na Abraham Mouton se graf wat hy steeds met respek oppas. Hy vra ook dat die Kaburu's in die RSA geld sal stuur vir 'projek kerkbou' op die Mouton familieplaas.

## EN 'N JAGSTORIE VIR OULAAS


**Soos deur Oupa Kloppers vertel aan sy kleinseun, Bertus, [volgens 'n bandopname in Danie Steyn se besit]**

Ons was toe nog op die delwerye in Tanganyika, naby my oudste broer, daar in die gopse gewees. Daar het ek gedelf toe my oorlede skoonouers van Kenia af vir ons kom kuier in Tanganyika, net so voor Kersfees. My skoonmoeder, sy was baie lief om mampoer te stook. Sy het 'n batterysuur bottel gehad wat sy op een of ander manier van iemand gekry het. Sy het die ding goed skoon-gemaak en daarin het sy mampoer gestook. Die bottel het 20 gelling gevat. Dit was 'n groot bottel, so groene. Sy het toe vir die kersfeesvakansie daardie ding so driekwart gestook en hulle het dit saam gebring. Ons was 'n hele klomp ouens daar bymekaar. Oorlede oom Kerneels Smit hulle, my broer hulle, ou Faas von Maltitz, en ek en die vrou en kinders besluit almal ons gaan hierdie vakansie in die bos deurbring. Ons het die veld ingery daar oor die Serengeti Plains en by 'n loop met enkele groot bome het ons gaan kamp. Ons het vir ons water en alles saamgeneem. En natuurlik die bottle mampoer is ook by. Toe kamp opgeslaan en alles reg was, toe besluit ons ons gaan ry, en vir ons 'n kwagga skiet en die ding agter die kar vasmaak. Ons het die kwagga se pens oopgesny en hom met 'n staal kabel gesleep tot so 'n end van die kamp af en hom daar aan 'n boom vasgemaak. Toe dit mooi donker was ry ons soheentoe met die trok en die spotlight om wolwe te gaan skiet. Want daar is verskriklik wolwe; as jy ry sien jy daar gaat 'n wolf en hier gaat 'n wolf. Nadat ons die kwagga geskiet het, terug gesleep het en in die boom vasgemaak het gaan ons verversings kry in die kamp en so aan. Toe ons daar kom is ons bietjie lus vir mampoer. Nou ja, elkeen is na die bottel toe en toe begin dit drink. Heerlike goed daardie, en daar

word net gesiten gesels van watter lekker mampoer dit is. Toe kom dit naderhand uit dat my oorlede skoonpa daar 'n bottel brandewyn bygegooi het. My oorlede broer sê hy het daar 'n bottel gin ingesit, en oom Kerneels Smit sê hy het daar 'n bottel whisky ingesit. Nou ja dit was nie 'n wonder daardie ding was so lekker nie. Ons het daargesmulen dit is naderhand donker. Ons is toe daar op die kar en uit om te gaan wolwe skiet. Mense, toe ons nou by daardie ding kom is hy ogevrete van die wolwe. Jy het nie 'n idee nie. Die goed is so rond gevreet, hulle lyk sommer soos poffertjies. As hy so loop dan is dit of hy so wydsbeen loop. Hy kan ook nie bra wegkom nie en dan skrap ons hom met die kar. Ek staan agter met die spotlight, en my een swaertjie sit op die linker voorste modderskerm van die ou Ford bakkie. Dit is een van hierdie ou Fords wat hulle in die army gehad het. Sy lig was so 'n ronde lig wat bo-op die modderskerm vas kom. My swaertjie sit op hierdie modderskerm met die lamp so tussen sy bene; dan knyp hy die lamp vas dat hy nie val nie, en sy voete is op die voorste bumperbar. My oorlede broer is weer aan die anderkant. Hy het 'n haelgeweer en my swaer het 'n .22. Nou, ja nou word dit met die .22 geskiet op die wolf soos ons agter hom aanry. En as hy hom nie kan plattrek met die .22 nie, dan kom my oorlede broer hom by met die haelgeweer, van sy kant af. Dit kom toe so dat hy die een wolf nie kon plattrek met die .22 nie. 'n Ou grote, jy het nie 'n idee nie. Ou Faas von Maltitz wat die kar bestuur draai toe so 'n bietjie links, met die wolf hier op die regterkant van die kar, aan my broer se kant met die haelgeweer. Maar hy kom so vinnig onder die wolf in dat my broer nie eers kans gehad om die ding te skiet nie. Toe hardloop die wolf hier langs die modder-skerm, en stuur ou Faas al nader en nader aan die ou wolf. Soos hy probeer wegkom, en Faas nader aan hom kom, hap hy na die modderskerm waar my broer sit. Hy hap net so

voet hier van my broer se boud af. My broer kon dit naderhand nie meer vat nie en sit met die geweer se kolf hier in die lug, en die loop hier langs hom af en sy vingers op die sneller. Net toe ou Faas weer uitkyk en so lag trek my broer die skoot af op die wolf hier reg langs die modderskerm. Die gevolg is dat hy daardie skoot kry hierso in sy kop met die haelgeweer wat omtrent teen sy kop gedruk word. Toe spat daardie bloed, hare en harsings in ou Faas von Maltiz se bek waar hy agter die steering sit en uitloer en groot lag. Mense maar dit was iets

vreesliks. Hy val uit daardie kar uit en kom langs die wolf te lande, en die kar hardloop nog so stadig aan; en hier is hy onder 'n haak-en-steek boom in. My oorlede broer spring af maar my swaer het nie die kans gehad om af te spring nie en hy is met kar en al onder die takke in. Jy weet die haak-en-steek het hom amper opgehang. Hulle het lank daarna nog steeds dorings uitgehaal hier agter sy ore en in sy kop rond. En ou Faas; jare daarna as jy hom vra hoe smaak daardie wolfharsings dan is hy sommer uit en skielik naar. Daardie aand het ons sports gehad.



An Arab Dhow

# KWAHERI